# Die Water is so naby; hoekom bly jy so dors?

## Bevele vir volgelinge

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 17 Mei 2026

Ons Pinkstertema: *Die Water is so naby, hoekom bly jy so dors?*

Vandag praat ek oor *BEVELE vir volgelinge*. 'n Baie basiese kyk na 'n paar Skrifverse, met die hoop om 'n nuwe honger na die Gees in ons elkeen wakker te maak.

Die skeepvaartgeskiedenis vertel van 'n groot Spaanse seilskip wat naby die kus van Brasilië vir weke lank op die spieëlgladde see, in die warm son, in 'n dodelike windstilte vasgevang is, met sy vlae gehys om hulp te ontbied. Die bemanning se vars water was lankal op. Matrose het begin neerslaan van dehidrasie. Lippe gebars, tonge geswel.

Uiteindelik het 'n ander skip wat ook in die windstilte ingeseil het, stadig nader gedryf. Toe hy binne hoorafstand was, het die sterwende bemanning oor die reling geskree: "Water! Water! In God se Naam, gee vir ons water! Ons kom om van die dors!" Maar die ander skip het op 'n afstand gebly. Kan 'n skeepskaptein so wreed wees? Of was sy eie skip se water dalk ook klaar? Al wat die ander kaptein uitgeroep het was: "Laat sak julle emmers waar julle is."

Dryf hy die spot met hulle? Hulle was dan op die oop see! Almal weet dat soutwater die dood beteken vir mense so gedehidreer soos hulle. Maar die kaptein van die ander skip se enigste raad of hulp was: "Laat sak julle emmers! Daar is water waar julle is!"

Uiteindelik het een matroos, wat niks meer gehad het om te verloor nie, 'n emmer oorboord gegooi en dit in die diep blou see laat sak. Toe hy dit optrek en die eerste sluk neem, kon hy sy oë nie glo nie. Dit was vars water, perfekte, suiwer, koel, vars water. Wat hulle nie besef het nie was dat hulle presies by die monding van die Amasonerivier was. Die krag van daardie magtige rivier is so groot dat dit 'n stroom vars water vir kilometers ver die oseaan in stoot. Hulle het gedryf in 'n see van vars water, maar hulle was besig om te sterf van die dors... As een man nie die instruksie gevolg het om water te skep nie, sou hulle almal vergaan het.

Kom ons dink oor ons eie dors. Kyk na hierdie eerste vreemde punt:

### Die Gees wat altyd daar was, maar nog nie daar was nie, is die Een wat jou dors les.

Jesus het gesê die groot dors van 'n mens se siel word geles deur die Heilige Gees in jou lewe...

**Johannes 7:37**

37En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

38Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

39En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Wat ’n uitnodiging en belofte: Vanaf die eerste keer dat ’n mens besef jy het Jesus nodig, en na Hom toe kom, sal die Heilige Gees iets in jou binneste laat gebeur.

Dink aan die metafoor. Jy sal water drink vir jou eie dors, en jy word nie net gehelp om jou eie dors te les nie. Jy kom nie net by die lewe nie jy ontvang nie net ’n boodskap en hulp nie, jy word deel van die boodskap. Strome vloei uit jou binneste.

En Johannes sê iets, hy wil sekermaak ons neem kennis, “want die Heilige Gees was daar nog nie …”. Wat bedoel Johannes? Was die Gees dan nie reeds in die begin, by die skepping, daar nie, en werksaam, regdeur die Ou Testament nie, soos Gerhard verlede week duidelik uitgewys het?

Dit was natúúrlik van ewigheid af waar dat God alles sien, en nooit op enige plek of tyd afwesig nie. Dit wat Jesus hier sê praat nie van hoe God nou skielik alomteenwoordig is, asof Hy nooit voorheen alomteenwoordig was nie. Nee, Jesus praat van ’n verandering in ’n mens se eie binneste nadat Hy aan die kruis ’n magtige verandering in hierdie wêreld kom bewerkstellig het. Aan die kruis is die skeiding afgebreek, die Bose wat my wil verhinder om God te ken, is oorwin. Na die oorwinning aan die kruis sal hulle wat die Here wil ken, hulle wat Gees wil verwelkom in hulle lewe, ’n groter vermoë en geleentheid hê as ooit in die geskiedenis om die donkerte se vashou en misleiding te oorwin, en deur die Heilige Gees God se liefde en genade in hierdie wêreld te versprei.

Jesus self het ook gesê het in…

**Johannes 16:7**

Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur…

Jesus sê, “Die Heilige Gees kom eers as Ek weggegaan het.”

Dink daaraan, as jy een van die dissipels was. Jy het die voorreg om orals saam met Jesus te reis, te eet. Soms kan jy op die langpad, terwyl julle stap, vir ’n uur of wat alleen met Hom gesels. Wat ’n ongelooflike, onbeskryflike voorreg is dit nie! Jy sien al sy wonderwerke. Jy is op die bootjie as Hy op die water loop. Jy sien hoe dooies opwek. Om wakker te word in die oggend, “Meester, waarheen gaan ons vandag?” en Hy sê, “Wag, jy sal sien. Kom net saam. Volg My.” Wat ’n lewe!

En tog sê Jesus daar is ’n beter lewe as dit. Wanneer die Heilige Gees dáár is. Jesus berei sy dissipels voor op die beter tyd wat kom ná sy opstanding en hemelvaart, ná die uitstorting

van die Heilige Gees op Pinksterdag—die soort lewe wat nou, vandag, vir elke gelowige, vir jou en vir my, beskore is. Wanneer die Gees nie net, soos Hy in die begin van tyd gedoen het, tydens die skepping, oor die fisiese chaos, sal sweef om orde en lewe te bring nie, of profete sal inspireer om te vertel van God se groot dade en planne nie, maar óór, en ín, elke mens wat wil se eie klein wêreld sal kom woon, om in my eie wanorde, chaos, my duisternis, nuwe lewe te kom skep, vier en twintig uur, elke dag, sewe dae van die week, van die dag af dat ek Jesus aanneem, tot die dag dat ek my laaste asem uitblaas. God in my, God langs my, God voor my, God oor my, God vir my ...

Dis Jesus se ingrypende belofte. Hy wil op 'n nuwe manier, deur die Heilige Gees, by elke mens teenwoordig wees, asof Hy nét by jou is. Jou persoonlike metgesel.

Wat 'n belofte... Maar wag, dis dalk nié sulke goeie nuus nie. Die dalk meer as 'n belofte. Dit kan netsowel ook 'n bedreiging wees ...

Jesus, deur die Gees, wat aan my persoonlik aandag gee, nie net soos aan één van die dissipels vir 'n uur op 'n stofpad in Galilea nie, maar elke dag, in elke gesprek, in elke situasie ... Langs my as ek op my selfoon rondkyk. Hy is daar as ek kuier. Daar as ek eet. Daar as ek werk.

Dis Jesus se BELOFTE oor die Heilige Gees.

Maar net vir hulle wat dit wil verwelkom is dit goeie nuus. Want hulle is oop dat Hy dit wat Hy nie in hulle lewe wil hê nie, sal verwyder. Hulle wil 'n pad saam met God loop ...

En dit bring ons by die volgende punt ...

## Saam met Beloftes kom Bevele - elke aankoms is 'n nuwe vertrek.

God het altyd saam met elke 'n belofte 'n bevel. Jesus se eerste bevel as ek die volheid van die Gees in my lewe wil hê is duidelik: Kom, en drink...

Vir die bemanning op daardie skip naby Brasilië was daar 'n instruksie: Gooi 'n emmer in die water. Skep water en drink. Die water was daar, maar as hulle nie gehoor gegee het aan die instruksie nie, sou nie een van hulle ooit weer 'n druppel water drink nie.

In die Skrif is daar weer en weer uitnodigings, beloftes en inligting oor 'n lewe met die Heilige Gees, oor die water waarvan Jesus praat wat jou dors kan les en 'n stroom in jou lewe kan word.

Maar sonder instruksies sal dit net uitnodigings, beloftes en inligting oor 'n lewe met die Heilige Gees bly. En dis wat ek vandag, en volgende week wil poog, om ons almal weer te laat dink aan hierdie beloftes *én* instruksies.

Ons het verlede week by Gerhard gehoor hoe ons voor 'n misterie te staan kom as ons praat

oor die persoon van die Heilige Gees. Sonder twyfel, wie kan anders as huiwerend en stotterend en dikwels swygend praat oor die drie-enige God—Vader, Seun, en Heilige Gees? Wie kan Hom volledig beskryf of definieer? Ons word juis bekoor, getrek, oorweldig, deur die grootheid van sy wese, sy *ónbeskryflikheid*, *óndefinieerbaarheid*. Die skone geheimenis.

Maar die instruksies oor ’n lewe met hierdie misterieuse God deur die Heilige Gees—hoe om uit hierdie stroom te drink—is nie so misterieus nie. Ja, al is die water diep en onpeilbaar, die instruksies oor hoe om die water te drink is duidelik en verstaanbaar.

Ons het reeds Jesus se eerste instruksie oor ons dors gelees, “As jy dors is, KOM NA MY TOE.” Jou eerste oorgawe was jou eerste gehoorsaamheid aan die eerste en heel grootste instruksie of bevel: “Met jou dors, jou leemtes, jou behoeftes, jou skuld, jou vrese vir die dood, jou planne en drome: KOM NA MY TOE.”

Daardie eerste keer toe jy die uitnodiging aangeneem en instruksie gehoorsaam het, gekom het, het die Heilige Gees jou lewe op ’n nuwe manier ingekom.

Kyk wat sê Paulus oor daardie eerste oorgawe:

**1 Korintiërs 12:3**

Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus ’n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, **behalwe deur die Heilige Gees.**

As jy ’n eerste oorgawe gemaak het, en vandag glo dat Jesus Christus die Here is—nie net ’n historiese figuur nie, maar die eienaar van jou siel—dan is dit die bewys dat die Heilige Gees reeds in jou werk. Jy het die Heilige Gees ontvang omdat jy die eerste uitnodiging aangeneem het, en die eerste bevel gehoorsaam het: “Kom, glo in my redding, gee My jou sonde, aanvaar my vergifnis…”

Om die Here aan te neem is in ’n sin om by ’n destinasie te arriveer. Jou diepste natuur het verander met daardie eerste oorgawe. Jy het nie meer nodig om te wag dat die Gees in jou lewe moet opdaag nie. Hy is hier. Die fontein is reeds in jou binneste oopgebreek. Jy dryf nie meer in die soutwater van jou vorige lewe nie; jy het in die vars water van God se redding gearriveer. By die groot Amasone van genade.

’n Reis is voltooi. Na ’n lang pad van verlorenheid het jy soos die verlore seun tuisgekom.

Jy het die Heer se roepstem na elke verlore seun gehoor, “Kom huis toe…” Jy het gekom, en gearriveer by jou huis.

Maar ná jou voltooide reis, by jou aankoms, is die heel eerste ding wat jy hoor, “Volg My.” Ná jou reis van verlorenheid, begin jy met ’n nuwe lewenslange, daaglikse reis. Jy het gearriveer, maar jou aankoms is ook ’n begin. So is dit vir die res van jou lewe, dis wat geloof is: ’n reis waar elke aankoms ook ’n nuwe begin, ’n nuwe vertrekpunt is. Altyd sal jy die twee uitnodigings hoor, “Kom na My toe,” én “Volg My.”

**(Die Padkaart en die Spyskaart)**

Dis twee groot metafore vir die geloofslewe: Een het te doen met dors en honger“As jy dors is, kom drink,” (die spyskaart) Die ander het te doen met ’n reis, “Volg My,” (die padkaart).

’n Ruk voor Jesus dit in die tempel uitgeroep het dat dorstiges na Hom toe moet kom, het Hy in ’n gesprek met die Jode gesê:

**Johannes 6:35**

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Die groot honger na ’n Redder, en die dors om te weet jy het ’n verhouding met God, is gestil. Die Heilige Gees het in jou ’n groot werk kom doen. Jy kan weet jy is ’n kind van God. Jy kan saam met Johannes uitroep:

**1 Johannes 3:1**

Kyk wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

Jy het by die water en die brood van lewe uitgekom. Jy hoef nooit weer in ’n verlore toestand te honger en dors na redding nie.

Maar jou dors en honger word geles sodat jy vir ewig dors en honger sal word, jy kom tuis sodat jy vir ewig op reis sal wees.

Daarom is daar nie ’n weerspreking tussen Jesus se woorde in …

**Johannes 6:35**

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

en Petrus se woorde in …

**1 Petrus 2:2-3**

… verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur (letterlik: daarin) kan opgroei (in julle verlossing)

3as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is.

Dis hoekom dit nie ’n weerspreking vir ’n gelowige is om te glo dat die Heilige Gees in jou woon omdat jy Jesus as jou Heer aangeneem het, en tegelykertyd ook dikwels te bid om vervul te word met die Gees nie. Dis hoekom dit vir Paulus nie ’n weerspreking is as hy sê, “Julle het die Gees, julle is ’n tempel van die Heilige Gees.” maar ook “Word vervul met die Gees” nie. Julle het die Gees, én, vra God om julle te vul met die Gees…

Dis hoe Petrus maak met die honger-en-dors metafoor. Waarop sy woorde in wese neerkom is, “As jy geëet het, wees honger.” Geen weerspreking in Petrus se woorde nie, “As jy gesmaak het, as jy geëet het, wees dan honger …”

As jy gesmaak het … Wat gesmaak het? Dat die Here goed is. Petrus verwys na …

**Psalm 34:9**

Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!

As jy dit eers ervaar het, sê Petrus, dat die Here vir jou ’n skuiling was, eers toe jy na Hom toe gekom het in jou sonde en verlorenheid, en daarna elke keer in jou behoeftes, jou vrees en verwarring, jou sonde, as jy dit gesmaak het hoe goed die Here is en hoe Hy jou help, moenie tevrede wees nie. Moenie dink dis al kos in die Groot Sjef se restourant nie. Kom môre weer, jy het maar nog net die eerste paar disse op die basiese spyskaart geëet. Daar is spyskaart op spyskaart, dis op dis. En as jy môre kom eet het, word dan weer honger en kom weer. Moet nooit weer by ’n ander plek gaan eet nie, sorg dat jy elke dag honger is en kom eet. Daar is geen kos soos hierdie nie.

’n Gelowige bely en glo, “Ek is vervul met die Gees,” maar ’n gelowige bid ook, “Kom o Gees, vul my.”

“Wees honger. So honger soos ’n pasgebore baba,” sê Petrus. “Pasgebore babas verlang sterk. Sorg,” sê Petrus, “dat jy ook sterk verlang, dat jy ook elke dag dringend honger is.”

Maar wat sal jou in jou geloof verhoed om dringend honger te wees? Wel, net een ding: wanneer jy ander kos eet. Wanneer jy jou honger en dors op ander maniere stil.

- Natuurlik, eerstens dinge wat jy weet verkeerd is en nie goed vir jou is nie. Om te dink jy kan beide ’n heilige en onheilige honger hê is om jouself te mislei. Dis die een of die ander. Lig en duisternis meng nie.
- Maar ook wanneer ander *góéie* dinge te belangrik raak in jou lewe. Nie noodwendig sondige dinge nie. God kan net Gód wees. Hy kan net die middelpunt wees. Alles word donker wat met Hom kompeteer vir die troon. Selfs mooi dinge word lelik.

Petrus sê, “Verlang, begeer soos ’n baba … Babas verlang sterk, dringend, en hulle verlang na net één soort kos. Verlang jý daarom net so. Waarna? Na die onvervalste melk van die woord.”

Party vertalings interpreteer die letterlike “onvervalste melk van die woord” en noem dit geestelike voedsel. Maar Petrus se letterlik *Logosmelk (logicon to gala).*

Petrus se instruksie is: As jy die Heilige Gees in jou lewe wil hê, begin met alles in jou begeer dat die Gees vir jou God se woorde sal oopmaak. Verlang na die groot gesprek. Soek daarna, honger daarna om te begin hoor dat die Gees met jou praat uit God se woord—as jy die Bybel oopmaak, as jy in 'n diens sit, as jou gewete fluister, in innerlike indrukke gedurende jou dae en aande … Om 'n bewustheid aan te leer van hoor, die soeke na 'n soort voedsel, die hongerwees vir 'n stem, 'n nabyheid.

Dis ongetwyfeld een van die mees fundamentele instruksies vir 'n lewe vervul met die Heilige Gees. Om aanhoudend honger te wees vir 'n sekere soort voedsel, "die onvervalste melk van die woord".

En die rede wat Petrus gee dat ons só moet honger, is …

… dat julle daardeur (letterlik: daarin) kan opgroei (in julle verlossing)

Die meeste vroeë Griekse manuskripte stop nie by opgroei nie, maar voeg by: *in julle verlossing*. Jy is verlos, maar jy groei ook in jou verlossing.

En met hierdie gedagte gaan ons hierdie week afsluit … Petrus se opdrag dat jy moet honger na die voedsel van die woord, moet begeer dat die Gees met jou moet praat: *sodat jy sal groei.*

## Die Begeerte om te Groei.

Wanneer Jesus sê jy sal nooit weer honger en dors kry nie, praat Hy van jou redding, van jou kindskap. Maar ná jou redding word jy op 'n nuwe manier bewus van ook 'n ander honger en dors. Die "Kom na My toe," word "Volg My."

Altwee metafore is daarom metafore van aankoms, maar ook metafore van vordering, verder gaan, groei:

- **Reis:** Jy het gearriveer vanuit jou verlorenheid, en nou vertrek jy, omdat jy rigting in jou lewe wil hê. Jy wil volg in die voetspore van jou Meester om by die plekke uit te kom waarvoor God jou bestem het.
- **Dors en honger:** Jou honger en dors na redding is gestil, maar jy moet altyd weer honger en dors word na kennis en krag om te groei in geloof, hoop en liefde, in heiligheid, nederigheid en diensbaarheid, in die ontwikkeling van jou talente en gawes.

Oor en oor is dit 'n opdrag in die Skrif dat 'n gelowige moet leef met 'n begeerte vir, groei, met 'n bewustheid van groei.

**2 Petrus 3:18**

Maar **julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here** …

**Kolossense 1:8-11**

10 ... [Ons bid vir julle en vra] dat julle] in **in die kennis van God mag groei** ...

**2 Thessalonissense 1:3**

Ons [dank God] **omdat julle geloof grootliks toeneem en [julle] liefde [...] groter word ...**

Paulus skryf aan die gemeente in Efese. En hy sê ’n gelowige se lewe mag ná sy bekering nie dieselfde bly nie. Dit moet aanhoudend verander ...

**Efesiërs 4:22-24**

22Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Weer dieselfde ding wat ons netnou gesien het. Julle is nuut, word nuut ...

Paulus skryf verder wat hy bedoel met hierdie groei, hierdie nuutword, ... En ons lees nie van ’n vae, verhewe, ondefinieerbare, misterieuse geestelikheid nie, maar van groei in gewone menswees. Dit is wat Paulus ’n Geesvervulde lewe noem.

Ons wil honger word. Ons wil vervul word met die Gees. Kom ons laat Paulus se woorde ’n honger in ons wakkermaak voor ons die nagmaal gebruik.

Wat bedoel Paulus met groei in die Gees, word vervul met die Gees? Paulus noem alledaagse dinge, gaan lees gerus weer die hele gedeelte in

**Efesiers 4:17-5:5—Honger na die Gees om jou te help met...**

- **Waarheid, integriteit**

25... lê die leuen af ...

- **Verhoudings, gemoed, humeur**

26As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie ’n dag kwaad afsluit nie.

- **Eerlikheid, hardwerkendheid, vrygewigheid**

28...werk op ’n eerbare manier... dan sal [jy] iets hê om vir die armes te gee.

- **Gesprekke, taal**

29Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is ...

En Paulus se konklusie oor hierdie soort groei...

30 ... bedroef nie die Heilige Gees van God nie ...

Gaan lees gerus verder. Hy noem...

... woede, konflik, simpatie, vergewensgesindheid, seksuele sondes, suinigheid, gemeenheid, barre humor, alkoholmisbruik ...

En weer koppel hy dit direk aan die Heilige Gees.

18Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

O, mag ons dors wees, honger.

Bid saam met my hierdie kort gebed:

Heilige Gees, kom. Vul my. Neem my elke dag op ’n reis van vol word, buig. Ek kom, honger. Ek verlang na u woorde, u nabyheid. Praat met my. Wys my. Help my Verander my. Help my om te groei, en in die voetspore te volg van my Meester wat sy lewe vir my afgelê het. Amen